# NSV RIGLYNE VIR DIE REGISTRASIE VAN BOERBOKKE

Om met **REKORDAANTEKENINGE** te begin, moet die identifisering van diere, d.w.s. die toekenning van identifikasienommers, die aanmeld van geboortes, keurings, skrappings en wegings konsekwent volgens neergelegde regulasies uitgevoer word.

**I.D. NOMMERS**:
Die identifikasienommers wat aan diere toegeken word, moet altyd uit die kuddekenmerkletters, die jaar van geboorte en volgnommer bestaan. Die korrekte verstrekking van ID nommers aan die NSV sal soos volg wees: 04-0001ABC. Volgnommers kan aaneenlopend wees oor jare of kan elke jaar weer van 1 begin. (BTGN keuringsnommers en name word nie as identifikasie van diere aanvaar nie.)

**GEBOORTEKENNISGEWINGS:**
Wanneer geboortekennisgewings ingestuur word, is dit belangrik dat die volgende besonderhede daarop aangedui word:

Naam van die lam (dis is opsioneel)

ID nommer van die lam

Geboortestatus van die lam (eenling, twee-, drie-, vierling)

Geboortedatum

Geslag van die lam

Ouers (ID nommers, en indien ‘n vreemde vaar gebruik was, ‘n getekende leenbrief deur die eienaar van die ram, wat die datums van gebruik aantoon)

Indien die betrokke lam nie vir registrasiedoeleindes bestem is nie, of ‘n dooie lam is, moet dit duidelik aangedui word. Dit is belangrik dat die nageslag van alle geregistreerde diere aangemeld word, sodat die reproduksiesyfers so akkuraat as moontlik bereken kan word.

**NB:** Let op minimum ouderdomme waarop diere gebruik kan word vir teling is 5 maande ten tyde van die dekking. Nageslag van diere wat te jonk gebruik word vir teling kan nie deur geboortekennisgewings op die stelsel opgeneem word nie. Sulke lammers moet dan sonder die betrokke ouer opgeneem word, of as ‘n “A” dier deur keuring.

**REGISTRASIE VAN “A” DIERE BY GEBOORTE:**
Wanneer telers gebruik maak van ongeregistreerde diere in hulle kuddes, sal die nageslag van sulke teling “hang” – u sal ‘n “Information request” ontvang, wat aan die betrokke lam ‘n nommer wat met ‘n ? begin verskaf. So ‘n lam sal 6 maande “hang”, waarna die outomaties van die sisteem verwyder sal word, en so ‘n lam kan nie weer op die sisteem teruggeplaas word nie – ook nie deur ‘n keuring nie. U moet so gou moontlik die NSV SKRIFTELIK verwittig wat met die lam moet gebeur, bv.: Haal die ongeregistreerde ma af en neem op as “A”. Of, indien die

ouer nog gekeur moet word, toon dit aan. Sodanige keuring moet die NSV BINNE 6 MAANDE bereik, anders sal die lam van die sisteem verwyder word, (diere moet gekeur word tussen die ouderdomme van 10-24 maande).

Die maklikste uitweg met die registrasie van lammers gebore uit ongeregistreerde ouer/kudde dier, is die volgende: Laat eenvoudig die nommer van die ongeregistreerde ouer uit, en die lam sal as ‘n “A” dier opgeneem word.

**LEENBRIEWE:**
Wanneer vreemde ramme in ‘n stoet gebruik word, moet die eienaar van sodanige ram ‘n leenbrief aan die NSV besorg, waarin bevestig word dat die betrokke ram geleen is aan ‘n bepaalde stoet, vir ‘n bepaalde tyd soos aangetoon. Alle sodanige ramme moet oor ‘n volledige ID nommer beskik.

**KEURINGS:**
Keurings moet geskied tussen die ouderdomme van 10 en 24 maande. Slegs in geval van A-diere sal keurings van diere ouer as 24 maande aanvaar word.

Geen registrasie of nageslag van enige ouer op ‘n geboortekennisgewing sal aanvaar word, as sodanige dier nie gekeur is nie. Voordat ‘n registrasiesertifikaat uitgereik kan word, moet sodanige dier gekeur word. Diere wat as Hulpstamboek A opgeneem word, d.w.s. wat sonder geboortekennisgewing opgeneem word en reeds volwasse diere is, moet uit die aard van die saak gekeur wees. Keurings moet op ‘n amptelike keuringslys van die Genootskap gedoen word en die keuringsnommer van elke dier moet daarop verskyn. Keuringslyste kan ook van die NSV verkry word, maar dan moet die amptelike keuringsnommer van die betrokke dier deur die keurder daarop aangebring word. Geen keurings sal deur die NSV aanvaar word, sonder ‘n keuringsdatum en die naam en handtekening van die keurder nie.

**SKRAPPINGS:**
Skrapping, d.w.s. diere wat vanweë die een of ander rede (dood, uitskot, bemark, ens.) uit die kudde bemark word, moet jaarliks op die kuddelyste gedoen word. Sodanige lyste word jaarliks gedurende Maart deur die NSV voorsien.

Wanneer diere verkoop word vir teeldoeleindes, moet telers asb. eers die oordragte na die nuwe eienaars doen, die diere word dan outomaties van u kudde verwyder. Indien die dier slegs aanmeld as “Sold for Breeding”, sal die dier teen u kostes heringestel word, voordat dit na die nuwe eienaar oorgedra word.

**WEGINGS:**
Wegings van bokke word gedoen by geboorte (opsioneel), by speen (± 100 dae), op 6-maande (± 200 dae), op 12 maande (± 365 dae) en 18 maande (± 540 dae). Om enige analise ten opsigte van groeivermoë te kan doen, is dit belangrik om wegings akkuraat te doen en die data in te stuur. Voldoende data, beide die aantal wegings, maar ook van voldoende getal telers is nodig om sinvolle ontledings te kan doen. Telers word aangeraai om veral 100 en 200 dae massas te neem, sowel as die ooie se massa wanneer hulle lammers gespeen word op 100 dae. (Is ‘n aanduiding van volwasse massa).

Waar moontlik moet telers poog om ook vir beide ooie en ramme massas te neem vir 365 en 540 dae. Hoe meer data beskikbaar is op verskillende ouderdomme, hoe makliker is dit om teelwaardes te bereken want die verwantskappe tussen massa op versillende ouderdomme kan dan meer akkuraat bereken word.

Op hierdie stadium is teelwaardes slegs beskikbaar vir geboortemassa en speenmassa van teelramme. (Slegs 13 van die 115 telers stuur tans gewigte in, en dan meestal net vir speenmassa). Die teelwaardes en hulle akkuraatheid kan slegs verbeter indien meer telers gewigte instuur – beide van ramme en ooie.

**TEELWAARDES:**
Tans is slegs teelwaardes beskikbaar vir geboortemassa en speenmassa van teelramme. Die rede hiervoor is dat geboorte en speenmassa die enigste eienskappe is waarvoor betekenisvolle teelwaardes bereken kan word vanaf die direkte massas. Omdat daar weinig data beskikbaar is vir massa op ander ouderdomme is dit nie moontlik om betekenisvolle genetiese verwantskappe tussen massa by verskillende ouderdomme te bereken nie. Verder skep die groot hoeveelheid ongeregistreerde diere wat vir teling gebruik word ook probleme. Hulle nageslag se stambome is onvolledig en dus ontbreek die genetiese skakels – slegs die skakels via die ramme is bekend.

Telers moet verseker dat hulle die geboortestatus van lammers korrek aangee, selfs wanneer van die lammers doodgebore is of kort na geboorte vrek. Uit hierdie inligting sal vrugbaarheidsteelwaardes in die toekoms bereken kan word (slegs vanaf geregistreerde ooie). Vir ramme sal telers binnekort in kennis gestel word op watter ouderdom hulle skrotumomvang moet meet (begin solank om dit te meet op ±100 en ±200 dae.

Dit word aanbeveel dat telers van kuddebestuursprogramme gebruik maak. Dit vergemaklik nie net u rekordhouding nie, maar indien u data elektronies instuur, vergemaklik en bespoedig dit ook die opneem van data.